

**24 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 17:1-7**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 17:7**

### **As die spruit opdroog**

By die spruit Krit oorkant die Jordaan was Elia besig om 'n knellende droogte van drie en 'n half jaar wonderbaarlik te oorleef. Die Here het kraaie beveel om soggens en saans vir hom brood en vleis te bring! Elia se toestand het egter vererger toe die spruit waaruit hy elke dag water gedrink het, begin opdroog.

Ons wat elke dag genoeg kos en water het, kan ons nie naastenby indink wat dit is om sonder kos en water 'n gewisse dood in die oë te staar nie. Tog is daar in ons midde talle mense wat elke dag soortgelyke en selfs groter nood en geloofsbeproevinge as Elia ervaar. Elia het darem nog van die kraaie brood en vleis gekry om aan die lewe te bly. Baie mense het nie eers 'n kind of kraai om hulle aan die lewe te hou nie!

Al leef jy nie onder die broodlyn nie, kan dit gebeur dat jou spruit om een of ander rede stadig al swakker begin word. Moontlik het jy groot verliese gely of werkloos geword. Eens was jy gesond en vol lewenskrag, maar toe kom die kroniese siekte wat jou kragte uitput en elke greintjie lewenslus uit jou dreineer. Die spruit het begin droër word. Toe jy jonk en vol ideale was, het die spruit nog sterk gevloei. Weldra het jou drome en vooruitsigte die een na die ander verdwyn. Die spruit het amper nie meer water gehad nie. Wonderlik was die liefde en geluk in jou gesin. Toe kom daar die dood van 'n dierbare. Die spruit het uiteindelik opgedroog (vers 7).

Die spruit het tog seker nie opgedroog omdat die Here Elia vergeet het nie. Die Here vergeet sy kinders net so min as wat 'n vrou haar suigeling vergeet. Wees verseker, om Christus ontwil het God jou onpeilbaar lief. Hy het jou lief nie net in die helder sonskyn nie, maar ook in die donker, eensame nagte! Hou gelowig hieraan vas, selfs al het die een of ander spruit uiteindelik heeltemal opgedroog (vers 7)!

*Sing: Psalm 33:10 Dr DR Fouché (Emeritus)*